CALCULUS REKENMEESTERS CC (CK 1996/047137/23) Trading As :

CalCulus

REKENMEESTERS/ACCOUNTANTS

Professionele Rekenmeesters
Professional Accountants
Rekenmeester, Belasting & Bestuursdienste
Accounting, Tax & Management Services

Biccard straat/street 3
Polokwane
0699
pieter@calkulus.co.za
VAT no.: 4910165671

Posbus / P O Box 4089
Polokwane 0700
Tel: 015 291 1570
Faks/Fax: 086 631 1132

10 Januarie 2016

BELASTING VERGUNNING VIR VEEBOERE IN DROOGTE TYE - IN TERME VAN art 13 VAN DIE INKOMSTEBELASTING WET 58 VAN 1952

Boere gaan gebukkend onder die ergste droogte vir die afgelope 50 jaar. Limpopo is reeds as 'n droogte geteisterde gebied verklaar, en vee vrektes kan moontlik grootskaals voorkom.

Indien u lewende hawe verkoop as gevolg van droogte, en u het nie nou die gelde nodig in u boerdery nie, kan die gelde ontvang met die verkope van die vee, by Landbank "**belasting vry parkeer**" word. Volgens die Inkomste Belasting wetgewing kan die gelde vir 4 jaar by Landbank belê word, waarna dit outomaties belasbaar raak. Landbank rente is redelik in lyn met kommersiële banke, dus verdien u rente op u belegging.

Sou u dit vroeër onttrek, sal u belasting op die bedrag moet betaal, maar ons glo u sal die opbrengs weer aanwend om boerdery uitgawes mee te betaal. Dus sal dit in effek belastingvry wees.

Aansoekproses:
Om aansoek te doen vir die voordeel ingevolge artikel 13A, moet **drie** afskrifte van die volgende dokumente by u plaaslike Landbank kantore ingedien word:

- Oorspronklike aansoekvorm, wat voltooi en onderteken is deur die boer en gesertifiseer is deur 'n Kommissaris van Eede;
- Gesertifiseerde faktuur van lewende hawe verkoop;
- Gesertifiseerde afskrif van ID;
- 'n Brief van u bank wat u bankbesonderhede bevestig.

Bogenoemde aansoekvorm word hierby aangeheg.

Die uwe,

Pieter Wentzel